

Sing vooraf staande: Psalm 62:1, 5 (p. 301)

- 1 Gewis, my siel is stil tot God! / My redding kom op sy gebod, / geen vyand hoef ek nou te dug nie.
Hy is my rots, 'n skans vir my, / Hy sal my voetstap ook dán lei / wanneer ek nêrens meer kan vlug nie.
- 5 In God is al my heil, my eer, / my sterke rots en teëweer. / God is my toevlug in die lewe.
Vertrou op Hom, o volk, in smart / stort voor Hom uit jul hele hart, / God is 'n skuilplek, hoog verhewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:1, 7 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 142:1, 5 (p. 686)

- 1 Ek roep tot God met groot geluid; / ek stort my klag soos water uit;
ek klaag my node in Gods oor, / want Hy sal my gebed verhoor.
- 5 Hoor in die nood my roepstem, HEER, / want ek is swak en uitgeteer;
maak my van my vervolgers vry, / want hul getal oorweldig my.

Gebed

Psalm 89:11, 12 (p. 446)

- 11 Hy sal dit uitroep: HEER, U is my Vader trou, / my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore, / wat Ek tot koning van die konings het verkore.
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig, / my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.
- 12 Ek sal sy nageslag en troon nooit laat vergaan, / sy heerskappy laat duur so lank die hemel staan.
Maar wil sy kinders nie my wette onderhou nie, / bly hul aan my bevel en regte nie getrou nie,
maar dwaal hul verder af in hul onheil'ge weë – / Dan kom my tugting op sondaarspad hul teë.

Skriflesing: Johannes 3:1-36; Heidelbergse Kategismus, Sondag 7:20

Kernvers: Johannes 3:16-18

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.

(Johannes 3:16-18 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 20: Word al die mens dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?

Antwoord: Nee (a); maar slegs dié wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem (b).

(a) Matt 7:14; 22:14. (b) Mark 16:16; Joh 1:12; 3:16, 18, 36; Jes 53:11; Ps 2:12; Rom 11:20; 3:22; Heb 4:3; 5:9; 10:39; 11:16.

Tema: Om salig te word het 'n mens ware geloof nodig

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens mense gaan vra of hulle eendag in die hemel wil wees, sal 'n groot meerderheid sê dat hulle daar wil wees. Baie wil graag gered wees en baie mense meen dat hulle gered behoort te wees. Jesus vertel van sulke mense wanneer Hy in Lukas 13 sê:

As die eienaar van die huis eers opgestaan en die deur toegesluit het, sal julle buite staan en aan die deur begin klop en roep: 'Here, maak vir ons oop!' Maar Hy sal julle antwoord: 'Ek weet nie waar julle vandaan kom nie.' Dan sal julle sê: 'Ons het saam met U geëet en gedrink, en op ons strate het U die mense geleer.' Maar Hy sal weer vir julle sê: 'Ek weet nie waar julle vandaan kom nie. Niemand van julle het gedoen wat reg is nie. Maak dat julle wegkom!'

(Lukas 13:25-27 AFR83)

Jesus het hierdie woorde vir die mense gesê wat vir Hom gevra het of dié wat gered word, maar min is.

Dit is nie die enigste keer wat Jesus gesê het dat diegene wat uiteindelik in die koninkryk van God sal wees, min is nie. Hy het dit verskeie kere genoem in die drie jaar van sy openbare optrede en dit is vir ons deur die Heilige Gees in die evangelie opgeteken. Daarom is vraag en antwoord 20 in ons Kategismus nie vreemd nie.

Let op hoe natuurlik vraag 20 by ons mense opkom. In Sondag 3 het ons bely dat die mense se natuur verdorwe geraak het toe ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys ongehoorsaam was aan God. Die gevolg daarvan is dat alle mense in sonde ontvang en gebore word. Dit beteken dat alle mense as verlore gebore word. Niemand kan iets goeds doen nie en is tot alle kwaad geneig, **behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word.**

Aan die hand van Sondag 4 het ons agtergekom dat God regverdig is om te eis dat die mens Hom sal gehoorsaam omdat Hy die mens geskep het om dit te kan doen. Aangesien God regverdig en heilig is, is daar geen manier dat Hy die sonde sal oorsien nie. Die skuld van die mens se sonde moet vereffen word en die enigste regverdige betaling is die **ewige straf aan liggaam en siel.**

Geen gewone skepsel is in staat om hierdie straf te dra en mense te verlos nie. Die mens kan nie self sy skuld betaal nie, en geen dier kan in sy plek betaal nie. Daarom moet ons 'n middelaar en verlosser soek wat tog 'n mens is, want die mens het gesondig, maar dit moet 'n regverdige mens wees – iemand wat nie self sonde het nie. Daarby moet hierdie verlosser ook nog meer as 'n mens wees. Hy moet ware God wees om met die krag van sy Godheid die toorn van God teen die sonde te dra. Hierdie Verlosser is ons Here Jesus Christus.

Vir die mens wat verlore is, is dit nou logies om te vra: **Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?** Die antwoord op hierdie vraag is verdoemend hard en skokkend: **Nee.** Alle mense word nie deur Christus salig soos hulle in Adam verlore gegaan

het nie. Die mense van alle eeue wil nie hierdie antwoord aanvaar nie. Vooraanstaande mense, bekende mense met 'n groot aanhang, hamer daarop dat God tog 'n God van liefde is. Hulle sien nie kans om 'n God te dien wat sommige mense nie red nie. Daarom stuit die res van die antwoord hulle ook teen die bors – **slegs dié wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem**, word deur Christus salig.

Broers, susters en kinders, laat ons aan die hand van die Here se openbaring in Johannes 3:16-18 kyk hoekom ons hierdie antwoord in Sondag 7 gee. Dié woorde: **Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het** (Johannes 3:16 AFR53) is seker van die bekendste woorde in die Bybel. Omdat hierdie woorde so bekend is, kan mense selftevrede terugsit en dink hulle ken die evangelie. Hulle ken dan die kernwaarheid van die evangelie, dink hulle by hulleself. Sommige mense kan selfs verveeld raak en sê: Ag, ons weet dit al lankal. Die selfvoldane mens, daardie mens wat homself oortuig het dat hy goed genoeg is om hemel toe te gaan, meen dat hierdie woorde net vir hom 'n bevestiging is dat die Here hom baie liefhet en hy sê: Dankie dat U my daaraan herinner hoe lief U my het.

Watter emosie hierdie baie bekende woorde in jou en my ook al veroorsaak, mag die Heilige Gees ons wat 'n valse selftevredenheid het met hierdie openbaring losruk en voor die heilige Jesus Christus stel. En vir ons wat regtig in 'n lewende verhouding met Jesus Christus lewe, mag die Heilige Gees ons lei om opnuut ons liefde vir die Here te bevestig met 'n lewe wat getuig dat ons kinders van God gemaak is.

Nikodemus wat aan die party van die Fariseërs behoort het en 'n lid van die Joodse Raad was, het een nag na Jesus toe gekom. Nikodemus is dus een van daardie mense wat saam met Paulus sou kon sê dat hy 'n egte Jood is, 'n nakomeling van Abraham. As hier geskryf sou staan: *Want so lief het God die Jode gehad*, sou dit vir Nikodemus geen verrassing wees nie. Die Jode is immers die uitverkore volk van God. Hulle is die nakomeling van Abraham met wie die Here sy verbond gesluit het.

As hier geskryf sou staan: *Want so lief het God die sondige Jode gehad*, sou 'n Jood so 'n bietjie aangevat voel. Maar na 'n bietjie nadenke sou hy tog instem, want die Jode het ook gesondig. Moses moes dan op bevel van die Here 'n koperslang op 'n paal sit sodat die Jode wat in die woestyn deur die slange gepik is oor hulle sonde, gered kon word deur na die slang op te kyk.

Maar nou staan hier geskryf: **Want so lief het God die wêreld gehad** (Johannes 3:16 AFR53). Die woord *wêreld* sou vir 'n Jood verrassend wees. *Wêreld* beteken vir die Jood die heidene. Johannes gebruik die woord *wêreld* om te verwys na die mense wat vyandiggesind is teenoor Jesus en Hom uiteindelik aan die kruis laat vasspyker het. *Wêreld* verwys dus na alle mense van alle volke, tale en stamme.

En op grond hiervan ontstaan die vraag dan by 'n mens: As God dan die wêreld so liefgehad het dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, hoekom verlos Hy dan nie almal nie? Hoekom word alle mense nie deur Christus salig nie? Die mense wat op die liefde van God hamer, wil uit hierdie woorde verstaan dat almal tog gered sal word omdat God die wêreld liefhet. Ander mense sal sê: Omdat God die goddelose haat, soos dit geskryf staan in Psalm 5 en 11, verwys *wêreld* na al die uitverkorenes van God oor die hele aarde. As ons dit ook so wil verstaan, lees ons in die Bybel in wat nie hier geskryf staan nie.

Die gereformeerde manier van Skrifverklaring is om die teks binne die konteks te verklaar. Die woord *wêreld* in die boek Johannes verwys na die mense wat in die duisternis verkeer en nie wil hê dat die lig van Christus op hulle kom nie. Hulle wil nie hê dat hulle werke aan die lig kom nie. Dit moet in die duisternis gehou word, want dit is bose werke.

As hier dan geskryf staan: **Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy enig-gebore Seun gegee het** (Johannes 3:16 AFR53), verwys *wêreld* dus na alle mense. En dit staan in lyn met die Here se hartroerende oproep waarvan ons in Esegïel 33 lees:

Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel? (Esegïel 33:11 AFR53)

Ons belydenisse sluit hierby aan. Ek noem enkele paragrawe uit ons Dordtse Leerreëls:

Almal wat egter deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want in alle erns en waarheid betuig God in sy Woord wat sy wil is: Die geroepenes moet na Hom toe kom. In alle erns belowe Hy ook aan almal wat na Hom toe kom en glo, rus vir hulle siele en die ewige lewe. (Dordtse Leerreëls 3/4:8)

Verder is dit die belofte van die evangelie dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Hierdie belofte moet aan alle volke en mense aan wie God na sy welbehae die evangelie stuur, sonder onderskeid en willekeur verkondig en bekend gestel word, met die eis tot bekering en geloof. (Dordtse Leerreëls 2:5)

En die rede hoekom God ernstig tot alle mense roep, is omdat die ***dood van die Seun van God die enigste en volmaakste offer en voldoening van die sondes is. Sy dood is van oneindige krag en waarde, oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen.*** (Dordtse Leerreëls 2:3).

God het dus die hele wêreld lief omdat sy Seun die toorn van God oor al die sondes van die hele wêreld gedra het aan die kruis. Maar die dood van Jesus Christus is effektief net vir die wat glo. Daarom kan ons aan alle mense verkondig dat God hulle so liefhet dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het om vir hulle sondes te sterf, as hulle berou het oor hulle sondes, hulle bekeer en in Jesus Christus glo.

Terselfdertyd moet ons hulle ook waarsku: As hulle hulle nie gaan bekeer nie, bly hulle onder die oordeel van God totdat hulle hulle bekeer (Joh 3:18, 36). En aangesien ek en jy weet dat geen mens van self iets goeds kan doen nie, kan geen mens sommer vanself hom bekeer en begin glo nie. Daarom behoort ons, terwyl ons die evangelie aan hulle verkondig, bid dat die Heilige Gees hulle blinde oë sal oopmaak en hulle harde hart sal versag, sodat hulle hulle kan bekeer en bly lewe.

Aan alle mense moet die goeie nuus verkondig word. God het wêreld so lief dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het as die plaasvervanger van die mens sodat die mens verlos kan word. Hulle wat hierdie goeie nuus hoor, moet ook hoor dat God se liefde vir die wêreld Hom nie blind maak vir die sonde nie.

Baie mense wil van die wreedheid van die kruis niks weet nie. En om die kruis te vermy maar nog steeds aan Jesus vas te hou, sê hulle dat Jesus 'n baie goeie en volmaakte leermeester is. Hy het mense kom leer hoe om 'n goeie en suksesvolle lewe te lei. Wel, as dit al rede was waarom God sy Seun na die wêreld gestuur het, dan sou dit nie vir Hom nodig gewees het om aan die kruis te sterf nie.

Nee, Jesus is nie as 'n morele leermeester na die wêreld gestuur nie. Hy is as Verlosser en Middelaar na die wêreld gestuur, want God is heilig en regverdig. God se regverdigheid eis dat die sonde van die mens met 'n regverdige straf gestraf word – dit is die ewige straf na liggaam en siel. As dit nie gebeur het nie, sou ons God nie kon vertrou nie. Dit sou dan wees soos 'n regter wat vir 'n

verkrachter en moordenaar sê dat die hof hom vergewe. Hy moet net nie weer sulke dinge gaan doen nie.

In Jesus Christus handhaaf God sy heiligheid en regverdigheid sowel as die verantwoordelikheid van die mens. Die Seun van God word mens omdat die mens gesondig het. Jesus Christus sterf aan die kruis omdat dit die enigste regverdige betaling is vir die sondes van mense. Maar dit beteken geensins dat Jesus Christus vir elke liewe mens se sonde aan die kruis betaal het nie.

Ons hoor dit in ons kernverse. Luister weer na vers 16:

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Johannes 3:16 AFR53)

Elkeen wat in Christus glo, het die ewige lewe en gaan nie verlore nie. Maar die woorde stel dit ook dat daar dan mense is wat verlore sal gaan. Wie is hulle? Die vraag word in vers 18 beantwoord:

Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. (Johannes 3:18 AFR53)

Die mens wat nie in Christus glo nie, bly onder die oordeel van God. En as dit dan gebeur dat hy nooit glo nie, beteken dit dat hy vir ewig verlore sal gaan.

Die kruis van Jesus Christus trek dus 'n lyn om die hele wêreld se mense in twee groepe te verdeel. Aan die een kant van die lyn is diegene wat in Jesus Christus glo en die ewige lewe het. En aan die ander kant van die lyn is die mense wat nie in Hom glo nie en uiteindelik verlore gaan. Vir die mense wat glo, is die boodskap vertroostend. Maar vir hulle wat nie glo nie en in die duisternis wil bly omdat hulle die sonde liefhet, is die boodskap verontrustend.

Dit bring ons dan terug na ons belydenis toe. Wie word dan nou uiteindelik deur Christus salig? **Slegs dié wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem.** Ware geloof is dus noodsaaklik om salig te word. En nou die kritieke vraag: Van wie hang die geloof af – van die mens of van God?

By die beantwoording van hierdie vraag word ons gestel voor die belydenis van God se uitverkiesing aan die een kant en die mens se verantwoordelikheid aan die ander kant. Albei sake word aan die orde gestel in antwoord 20.

Die uitverkiesing van God kom ter sprake as gesê word dat die wat verlos word in Christus ingelyf word. Let op die passiewe vorm waarin dit geformuleer is. Die mens kan homself nie in Christus inlyf nie; hy word uit genade deur God in Hom ingelyf. In Efesiërs 2:8 sê Paulus:

Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God. (Efesiërs 2:8 AFR53)

Ons mense kan vanself nie iets goeds doen nie. Daarom kan ons nie vanself begin glo nie. Die Heilige Gees skenk die gawe van geloof aan hulle wat God uitverkies het.

Die mens se verantwoordelikheid word weer aangedui in die woorde: **... en al sy weldade aanneem.** Dit staan in die aktiewe vorm en dui aan wat die mens moet doen. Geloof is ook 'n eis waaraan die mens moet voldoen: hy moet glo om gered te word. Christus sê: **Glo in God, glo ook in My** (Johannes 14:1 AFR53). En Paulus en Silas het aan die tronkbewaarder in Filippi gesê:

Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word. (Handelinge 16:31 AFR53)

Ons sal, as die Here wil, volgende Sondag hoor wat 'n ware geloof is. En van Sondag 8 tot 22 sal ons hoor wat die inhoud van ons geloof behoort te wees. En ter afsluiting van die gedeelte wat handel oor geloof sal ons in Sondag 23 en 24 hoor wat die uitwerking van die geloof op 'n mens is.

Vanoggend sluit ons met hierdie drie opmerkings af:

1. In die vraag oor wie salig word, staan die woordjie *soos*. **Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?** Alle mense het deur Adam verlore gegaan. Ons word almal in sonde ontvang en gebore of jy nou weet wie Adam is of nie. Met die verlossing werk dit egter anders. Hier gaan dit oor die eer van God. Mense kan nie deel hê aan die verlossing sonder om die Here Jesus Christus persoonlik te ken nie. Dit is deur ons persoonlike kennis van Hom dat ons daartoe kom om aan die Here die eer te gee vir ons verlossing. Van hierdie persoonlike aard van die ware geloof bely ons in die volgende vraag en antwoord.
2. Wanneer dit by die uitverkiesing kom, moet ons geensins God van onregverdigheid verdink nie. Dit is nie so dat God tussen al die baie arme mense of relatief goeie mense net sommige vir Hom uitgekies het nie. Alle mense is sondaars en vyande van God. En as Hy almal verlore sou laat gaan het, sou Hy regverdig wees, want almal is teen Hom opstandig. Die uitverkiesing is een groot stuk genade, want God het voor die skepping van die wêreld mense gekies wat sy vyande is om van hulle kinders van Hom te maak.
3. **Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê** (Johannes 3:16 AFR53). Hierdie goeie nuus moet aan die hele wêreld verkondig word. Maar daar is niks wat so beledigend en uitdagend is as om die verlossing wat God teen so 'n hoë prys voorsien het te verag nie. En daar is nie nog iets wat so noodlottig is vir die mens as om sy rug te draai op die verlossing wat die Here uit genade aan hom verkondig nie.

Amen!

Slotgebed

Psalm 2:4, 6 (p. 6)

- 4 En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer, / sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:
"Ek self (sê God) het U gegeneer: / U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis. / En dat u troon vir ewig vas mag bly,
gee Ek die volke tot u erfenis / en wêreldwydtes tot u heerskappy.
- 6 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydschap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want ligt'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
29 September 2013